



Wekker

Week 6

INLEIDING

Jesus het gereeld met sy volgelinge gepraat oor hulle werk en oor geld. Ons word genooi tot 'n gesonde werksetiek en om ons werk te sien as deel van God se werk in hierdie wêreld. Ons word daarom genooi om te groei as rentmeesters van al ons bronne, veral ons tyd en geld. Ons word dus geleer om te leef volgens ons behoeftes en nie ons begeertes nie. Daarom vra ons doelbewus: Hoe kan ek dien met die bronne tot my beskikking?

Daaglikse ritme

I. Stil word

Gebruik die stappe in die Intro om ten volle van God se teenwoordig bewus te word. Haal diep asem en maak jouself oop vir 'n ontmoeting met God.

II. Gebed voor die lees van elke dag se teks

“Here, U is ons Drie-enige God - U seën ons om ook ander te seën. Help my om die tyd wat ek het en die hulpbronne waarvoor ek rentmeester is te gebruik om U koninkryk te soek.”

III. Daaglikse tekste

Lees vandag se teks en oordenking met 'n bewustheid dat God Homself wil openbaar. Alhoewel net een teksvers beklemtoon word, is dit goed om die tekste rondom die vers ook te lees.

Dag 1: Spreuke 30:7-9

Vers 7-9: “Twee dinge vra ek van U; onthou dit nie aan my voordat ek sterf nie: Hou valsheid en leuentaal ver van my af; gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestem is; dat ek nie, as ek oorversadig geword het, U verloën nie, en sê: Wie is die Here? En dat ek nie, as ek arm geword het, steel en my aan die Naam van my God vergryp nie.”

Hoe nooi hierdie gebed jou uit om na te dink oor die hulpbronne in jou lewe?

Dag 2: 2 Korintiërs 8

Vers 9: “Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word.”

Op watter manier nooi God jou uit om in Sy voorbeeld van opoffering te volg?

Dag 3: Matteus 6:9-15

Vers 11: “gee ons vandag ons daaglikse brood;”

Wat is die verskil tussen jou werklike behoeftes (jou daaglikse brood) en luukshede? Is daar luukshede wat jy kan prysgee sodat ander daaglikse brood kan ontvang?

Dag 4: Psalm 24

Vers 1: “Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here,”

Alles behoort aan God en ons is slegs rentmeesters. Waarmee het God jou vertrou itv jou tyd en hulpbronne?

Dag 5: 1 Timoteus 6:17-19

Vers 17,18: “Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie daade, vrygewig en mededeelsaam.”

Wat is jou balans tussen genot/eie plesier aan die een kant en goeie daade, vrygewigheid en mededeelsaamheid aan die ander kant?

Dag 6: Refleksie

Dink vandag aan jou tyd en hulpbronne en gee dit aan die Here deur te bid, Here laat U koninkryk kom deur my _____ (werk, salaris, voertuie, huis, ensv).

Weeklikse ritme - kleingroepe

Ons ontmoet mekaar

- Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week.
- Wat uit verlede week se groepsbyeenkoms bly jou by? Deel met mekaar.

Ons ontmoet God

- Steek 'n kers aan op die tafel. Begin hierdie week se groep deur die volgende gebed 'n paar keer saam te bid: Here, U is ons Drie-enige God - U seën ons om ook ander te seën. Help my om die tyd wat ek het en die hulpbronne waarvoor ek rentmeester is te gebruik om U koninkryk te soek.
- Lees die teksgedeelte saam: **Matteus 6:19-24**

Ons deel met mekaar

- Gee geleentheid dat elkeen in die groep deel wat hulle in die teksgedeelte hoor. Moenie mekaar onderbreek of korrigeer nie, maar gee geleentheid dat elkeen hulle eie ervarings vanuit die teks kan deel.
- Luister so na mekaar dat ons ook God se stem in mekaar kan hoor.
- Watter gedeelte(s) staan vir jou uit? Watter gedeelte bemoedig jou? Watter gedeelte ontstel jou? Watter vrae het jy oor hierdie gedeelte?
- As jy dink aan die manier hoe jy jou energie gebruik, is jy besig om skatte in die hemel of skatte op die aarde te versamel?
- In die Joodse geloof was 'n goeie oog 'n teken van vrygewigheid en 'n slegte oog een van suinigheid - watter oog het jy?
- Hoe bepaal jy (of jou gesin) wat jou behoeftes (needs) en begeertes (wants) is? Hoe bepaal jy tans hoeveel van jou hulpbronne jy vir die koninkryk beskikbaar maak?
- Hoe reflekteer my gebruik van my tyd my oortuiging dat Jesus die Here is? Hoe reflekteer my begroting en wat ek gee my oortuiging dat Jesus die Here is?
- Hoe kan ek in hierdie seisoen van my lewe 'n volgende stap in vrygewigheid gee i.t.v. my tyd en hulpbronne?
- Hoekom is dit vir ons so moeilik om as gelowiges oor hierdie tema te praat en saam te dink?

Ons bid saam

Mag ons leer om 'n gesonde oog te kweek met vrygewige harte. Mag die Here ons opnuut leer wat dit beteken om ook met ons hulpbronne ander te seën. Mag ons leef met oop hande.

Hierdie is 'n projek waaraan gemeentes in die verenigende Ring van Stellenbosch deelneem. Ons dank aan **Marie Britz, Tom Smith** en **Rhythm of Life** vir die gebruik van hulle materiaal in die samestelling van die handleiding vir ons gemeente.